

Die spel van die falliese, kastratiewe en farmakoniese in Pieter Fourie se *Die koggelaar*

H.J. Vermeulen

Opsomming

Op teksanalitiese vlak word daar in hierdie artikel op kreatiewe wyse geëksperimenteer met die disseminerende spel van betekenare as moontlike ingange tot die onderbewustelike lae van die teks. In hierdie verband word op intratekstuele vlak aandag gegee aan die verskuiwende, verspreidende en supplementerende semiotisering van die *dramatis personae* se *Eigenwelt*, *Mitwelt* en *Umwelt*. Intertekstueel word veral in die aantekeninge onder andere aspekte van die psigoanalise (Freud), dekonstruksie (Derrida), die antropologie (Girard et al.), die Griekse drama (Segal et al.) en die resepsie van die stuk (Van Zyl et al.) aangeroer.

Summary

On the level of text analysis this article experiments in a creative way with the disseminating play of signifiers as possible entrances to the subconscious levels of the text. Intratextually attention is therefore given to the dispersive, displacive and supplementive semiotization of the *Eigenwelt*, *Mitwelt* and *Umwelt* of the *dramatis personae*. Intertextually aspects of psychoanalysis (Freud), deconstruction (Derrida), anthropology (Girard et al.), Greek drama (Segal et al.) and the reception of the play (Van Zyl et al.) are touched upon, especially in the references.

Inleiding

Die tese van hierdie artikel is dat die primêre konflik van Pieter Fourie se *Die koggelaar* nie soseer lê op die vlak van die gemanifesteerde konflik (Boet Cronjé teenoor die natuur/God/gesin/gemeenskap) nie, maar eerder die gesublimineerde botsing is tussen die falliese en die kastratiewe; en dat hierdie konflik dialekties opgehef word deur die farmakoniese. As bewysvoering is die inspelende, verskuiwende en supplementerende disseminasie van hierdie betekenare op verskillende vlakke en oor ander betekenare heen nagespeur en aangetoon. Hierdie artikel veronderstel ten minste 'n goeie lees kennis van *Die koggelaar*.

Ter aanloop, die volgende oriënterende definisies:

Die falliese: A) "phallus: L, fr. Gr *phallos* penis, representation of the penis phallic Gr *phallicos*, fr. *phallos*, phallus + -ikos 1: of or relating to phallicism <- cult> <- fertility symbol> 2: of, relating to, or being a phallus <- eroticism> 3: resembling or symbolizing a phallus <- tree trunks>" (Webster 1961: 1693). B) "Symbol of self-worship and virility; also of nature's generative powers. Usually worshipped in fertility rites. Emblem of the sun and axis deities typifying shafts of enkindling light (. . .) Phallic symbols: *inter alia* bull, knobbed stick, Maypole, pole, ram, sceptre, stump, tree" (Jobes 1962: 1261). C) "In this distant period the erect phallus symbolised sovereign power, magically or supernaturally transcendent virility as opposed to the purely priapic variety of male power, the hope of resurrection and the force

that can bring it about. . .” (C. Lourin soos aangehaal deur Laplanche en Pontalis 1973: 313).

Die kastratiewe: A) “**Castrate**: (. . .) akin to Skt *sasati* he cuts to pieces 1 a): to deprive of the testes: Emasculate, Geld b): to deprive of the ovaries: Spay 2: to deprive of vigour or vitality <intelligence is *castrated* – John Dewey>: weaken by removal of the most effective or forceful elements: Emasculate 3: to delete a part of (a text) so as to render innocuous; *esp*: Expurgate <- a text> 4: to remove the stamens from (a flower). B) **castration complex**: a child’s fear or delusion of genital injury at the hands of the parent of the same sex as punishment for unconscious guilt over oedipal strivings; *broadly*. the often unconscious fear or feeling of bodily injury or loss of power at the hands of authority. C) **caste**: (. . .) fr. Sp *casta* race, breed, lineage (. . .) Gk *keazein* to split. Skt *sasati* he cuts to pieces: basic meaning: to cut” (Webster 1961: 348–349).

Die farmakoniese: A) “**pharmacon**: (. . .) fr. Gr Medicine, drug, poison. **pharmakos**: (. . .) a person often already condemned to death sacrificed in ancient Greece as a means of purification or atonement for a city or community” (Webster 1961: 1694). B) “Indeed, the medicine is itself the source of the sickness, the maddening *pharmakon* or drug (. . .) From Homer on drugs, *pharmaka*, are ambiguous: they are both healing and noxious” (Segal 1981: 72 en 92). C) In sy dekonstruksie van die farmakoniese by Plato wys Derrida (1981) op die afwesigheid van wesenlike grense tussen die farmakeus/farmakon/farmakos-konfigurasie. Waar die een begin en die ander ophou, is volgens hom onbepaalbaar.

Die falliese

Op die mees konkrete vlak word die falliese in die stuk deur penis- en aanverwante betekenare oor verskeie kontekste, persone en dinge gedissemineer. Die mees opvallende hiervan is die penisbehepte Betta se verbale handeling waardeur Klein-Ben by sy geboorte, en ook later tydens sy “inisiësie”, gemerk word met betekenare soos “spogknaters”, “disselboompie met wiele” (p. 7), “knoppiesbroek”-maker en “as hy vanaand teën die kraalmuur loop staan, ruik die klippe die ene man!” (p. 20). Boet en Anker eggo haar met hul verwysings na Klein-Ben se geslag as “Knapsak!” en “krakiemaker” (p. 8). En op byna refraktiewe wyse kry ons genoemde betekenare terug in die naam van die opperste teelram van die plaas, naamlik “Knaplat”. Meer subtiel in hierdie verband is die water-, dit wil sê lewepootstampende aksie van die boormasjien.¹

As vertakking van bogenoemde vind ons betekenare wat verband hou met die dierlik-viriele. Hiervan is Knaplat, die potente teelram, die mees in die oog springende. Dat Klein-Ben op supplementerende wyse met dié ram geassosieer word, blyk uit sy benoeming deur Ben en Betta as “Ramkat” en “Bulperd” (pp. 7, 22).

Ook Boet Cronjé, die protagonis van *Die koggelaar*, word beteken deur die falliese. As teelrambesitter (p. 3) is hy ’n “meesterteler” wat deur die tap van sperma aanvanklik bevrugterend insemineer. Spore van hierdie bevrugterende

potensie vind ons ook by die vrugrypende son tydens die sonritueel (pp. 37–38) en by die boormasjien en wolke as potensieel water-, dit wil sê lewe-loslatend. En kry ons nie selfs by die finansiële potente bankbestuurder (p. 10) die verplasing van lewegewende sperma deur geld nie? Hoe dit ook al sy: die reën wat aan die begin en die einde van die stuk val, werk uiteraard bevrugterend op die dorre aarde in.

Nog 'n falliese dimensie wat in die stuk werksaam is, hou verband met die mag, ofte wel die gesag, van die vader.² In hierdie verband is die verplasende werking van die letter B oor Ben, Betta, Boet en Klein-Ben heen opvallend:

Met betrekking tot genoemde mag staan Boet Cronjé sentraal. Hy is die baas van die plaas (“Dis my vee en my grond”, p. 44) en hy dwing sy wil op een en almal af. Falliese instrumente soos die boormasjien, die .303-geweer en die .38-rewolwer is sy eiendom. In die posisie van die mag van die vader verdring hy sy eie vader Ben (“Ek het gepraat, Pa!”, p. 57) en poog hy selfs om die mag van God af te pers – vergelyk sy uitdagende gebed in die kerk (p. 42), sy skote na die hemel (p. 52), die hektoneel (pp. 53–57) en sy wit verf van die dambodem (p. 60).

Die vader-seun inversie wat by implikasie ontstaan as gevolg van Ben se verdringing uit die posisie van die gesag van die vader deur Boet, word herhaal wanneer Klein-Ben as Boet se alter-ego sy posisie oorneem – Freudiaans veelbetekenend net na Boet en Anna vir die eerste keer in 'n lang tyd weer seksuele omgang gehad het. Tydens hierdie verskyning van hom, praat hy “nie soos 'n kind nie, maar soos 'n man” (p. 51) en hy gee aan Boet 'n “opdrag” om God uit te daag (p. 52). Met sy laaste verskyning is dit hy wat aan Boet die familiemoordopdrag gee, en wel in die naam van “Ons familie, ons hele stamboek...” (p. 59).

Met betrekking tot die mag van die vader is selfs Betta fallies gemerk. Haar behepthed met die manlike geslagsorgaan (pp. 7–8, 20), haar dominante persoonlikheid (“Maar Betta het gepraat, en die jare het my geleer met Betta stribbel mens nie teen nie” p. 19) en die feit dat sy optree as inisieerder van Klein-Ben se inisiasie-ritueel wat verband hou met sy manwording (pp. 19–22), teken haar af as argetipiese falliese vrou/moeder.³

Tekens van die falliese vind ons selfs by die eienaardige reptielplant, die Koggelmandervoet, waarvan Knaplat sê: “vertrap jy hom, vertrap hy jou” (p. 1).

Maar dis by God waar die uiteindelijke mag van die vader in *Die koggelaar* lê. Deur Sy groot stilte in die stuk, blyk Hy op paradoksale wyse die Almagtige en onbewoë lotsbepaler van plant, dier en mens te wees.

Uit die voorafgaande behoort dit duidelik te wees dat die falliese 'n kragtige en vertakkende stroombaan in *Die koggelaar* is. Die weerspannige teenspeler daarvan word vervolgens nagespeur.

Die kastratiewe

Soos wit in verhouding staan tot swart, so staan die falliese in verhouding tot die kastratiewe: noem mens een, dan staan sy alter alreeds in die syskerms en

wag. Trouens, in *Die koggelaar* is laasgenoemde alreeds op die verhoog, en wel as antagonis van die falliese.

Ondersoek ons die kastratiewe in die stuk, vind ons dikwels 'n dubbele disseminasie daarvan, en wel op die vlak van kastreerder en dié van gekastreerde.

Veral Boet staan in die teken van genoemde dubbelheid. Sy obsessiewe saadtappery van Knaplat ("Jy het my alles wat ek is, ontnem," sê laasgenoemde op p. 3) en dit nogal met 'n elektriese skokmasjien, tesame met sy grypsugtige oorbeweiding van sy plaas (p. 44), merk hom maar al te duidelik as kastrator. As bloedlynbehepte rassis, tree hy kastratief op wanneer hy tydens die vernederingsritueel in die kroeg Anker sy menswaardigheid ontnem (pp. 28–32). In hierdie verband is die **stompie** wat hy net voor die kroegtoneel aan Anker gee, en sy latere ontmannende "Maak oop jou bek en maak tande vir die baas" (p. 32) briljante dramaturgie.⁴ (Vergelyk Webster hierbo vir die verband tussen kastrasie, ras en bloedlyn.)

Die teenbeeld van bogenoemde, naamlik Boet as gekastreerde, vind ons onder andere in sy steriele saad wat gereflekteer word in sy impotente skote na die wolke en die leë, witgeverfde dambodem. Selfs die gestroopte verhooginkleding veraanskoulik op indirekte wyse hierdie dimensie van Boet se wese. Meer direk word hy op p. 7 verbind met die betekenaar **bokkapter**. Die geimpliseerde bloed van laasgenoemde se kastrasie dissemineer oor verskeie betekenare en kontekste heen en word 'n verdigte metafoor van Boet se ontmaning. So word die bebloede water in die ongeluksboorgat, die bloedbevlekte boormasjien en die bloed aan Klein-Ben se lyk tekens van die einde van Boet se bloedlyn, die einde van sy *geslag*. Ook die sogenaamde "besmetting" van sy bloedlyn deur Anker, werk kastreerend op hom in: by die aanhoor van laasgenoemde se werklike identiteit vomeer hy net soos Anker tydens dié se "ontmaning" in die kroegtoneel.

In Boet se selfkastreerende selfmoord, vind ons een van daardie Derridamomente waar die binne en die buite in- en oormekaar skuif,⁵ en wel in die sin dat Boet in hierdie geval *beide* as kastreerder en gekastreerde funksioneer. Bogenoemde bloedspoor eindig in die familiemoord en die koeëlgat in sy kop. Ironies is dat sy eens falliese instrumente – sy .303 en .38 – hier selfkastreerend aangewend word.

Boonop staan Boet ook afgeteken teen die intertekstuele horison van 'n ander, meer argetipiese selfkastreerende kastrator, naamlik Oidipus. Nie alleen is Boet ook vadermoordenaar nie, maar nes Oidipus het hy probleme met sien/insien/insig – ek verwys hier na die herhaling van sien-uitdrukkings in die stuk en die afspieëlings van dié probleem in die spel van kolligte, ligtonnels en donkerte. In die lig hiervan behoort die verband tussen Oidipus se uitsteek van sy oë as selfkastreerende daad (vergelyk Freud et al.⁶) en Boet se koeël deur sy kop duidelik te wees.

Volg ons die vertakkende betekenare van die kastratiewe in die stuk verder, tref die verbluffende verspreiding daarvan ons gou. So byvoorbeeld werk die gehallusineerde gestalte van Klein-Ben kastratief op Boet in. As laasgenoemde se negatiewe alter-ego,⁷ tree hy op as oordeelvernietigend, waansinwekkend en moordaanstigend. Kyk in die verband na sy verbod op

die “vervloekte” water (p. 52), sy aanstigting tot opstand teen God (p. 53) en tot familiemoord (p. 59). Die feit dat sy vader van die ongeluksboorgat ’n inverse totem maak, ’n heilige plek waar totempaal by implikasie omdop tot totemgat,⁸ omskep hom in ’n kasterende super-ego wat Boet weerhou van die oopboor van die lewegewende water wat hy en sy plaas so nodig het (p. 46).

Maar ook Klein-Ben is gekastreerde: as lewe-ontneemde is hy die afsnysel van Boet se bloedlyn. Ook sy kastrasie word gerefrakteer in die bloedbe- vekte boormasjien en boorgat. Ironies is sy simboliese ontmanning deur die boormasjien die gevolg van sy inisiasie in manwees (pp. 19–23).⁹ Let in hierdie verband op dat dit juis sy **nek** is wat getref word.

Genoemde inisiasie word deur die falliese Betta van stapel gestuur. Haar behepthed met Klein-Ben se geslagsdele en sy seksuele potensiaal en die feit dat sy bydra tot sy ongeluk, en wel deur haar aandrang dat hy ook brandewyn soos ’n man moet drink (pp. 19–20), merk haar as een van die vele kastreerders in die stuk.¹⁰

Op ’n meer indirekte wyse tree haar man Ben, vader van Boet en oupa van Klein-Ben, ook kastratief op. Dis sy bygeloof oor die brandewyn wat onder andere aanleiding gee tot Klein-Ben se fatale ongeluk. In die lig hiervan is sy: “As hulle die bottel brandewyn vergeet, is daar vandag begrafnis!” (p. 16), bitter ironies. Eweneens kastratief is sy erkenning én ontkenning van Anker (vergelyk Bateson se “double bind”¹¹ in dié verband). Nie alleen maak dit van Anker ’n “minderman” nie, maar die onthulling van Ben se verdoeseling van eersgenoemde se ware identiteit is deurslaggewend vir die familiemoord. Maar ook hy word belitteken as gekastreerde, en wel deur die wonde aan sy lyf en die bebloede lyk van sy kleinseun, die gewese “suiwer” voortplanter van sy geslag. Dramaturgies geniaal in dié verband is dat hy sy **kierie** weggooi met die aanvang van die brandewyn-episode wat uitloop op Klein-Ben se ongeluk (p. 16).

Met betrekking tot die kastratiewe het Anker nou al twee keer opgeduik. Laat ons hom derhalwe as gekastreerde in perspektief plaas. Nie net ontnem Boet en Danny se kasterende rassisme hom sy menswaardigheid tydens die kroegtoneel nie, maar is sy slaafse “Dankie, baas”, “Ja, baas”, “Nes meneer sê”, en dies meer, tekens van sy mindermenskap soos veroorsaak deur apartheid. Soos alreeds aangetoon, speel die stompie, sy vomeerdery en sy gedwonge tandewysery insiggewend in op die ontmannende aspek van dié ideologie.

Aan die einde van die stuk tree hy egter ook kastratief op, en wel op dieselfde wyse as Knaplat. Hulle dring aan op Boet se selfmoord en saam koggel hulle sy dooie liggaam (p. 61).¹²

Die draadmasker wat Knaplat dra, is in die kastratiewe verband ’n uiters verhoogmatige betekenisdraer. Die feit dat hy ’n swart akteur is wat gemasker word as skaapram, dui op ’n dubbele en op mekaar inspelende kastrasie: naamlik dié van ’n sodanig oortapte teelram dat sy saad versterking nodig het (p. 40) en dié van ’n sodanig oorwerkte, menswaardigheidsont- neemde swart plaasarbeider dat hy ontmens, dit wil sê verdierlik word.

In aansluiting by Knaplat se draadmasker, is Daan se bossie sleutels en die koolganna besonder vindingryke *emblematische* betekenisdraers van die kastratiewe in die stuk. In die geval van Daan word sy bossie sleutels hom ontnem, en wel deur die bank/bankbestuurder. Vir hom hang sy "hele lewe aan" dié bossie sleutels (p. 10). Met betrekking tot die koolganna verklaar Ben: "Maar die droë hemel, die dor aarde het gemaak dat hy sy man as boom nie kon staan nie. Hy's vervloek tot bossie. . ." (p. 17).

Selfs God verkry in die stuk kastratiewe kenmerke, veral vanuit Boet se perspektief. Nie net is Hy koggelaar nie, maar as gevolg van die droogte en die boormasjien-ongeluk word Hy ervaar as uitdelger.

Maar die grootste kastreerder van almal is die **droogte**. Dis Karoo-droogte dié: verskroeiend, uitmergelend, koggelend. Daarom dan ook die uitdrukking "Koggelkaroo" (p. 1). Dis 'n droogte wat sy littekens op alles en almal laat. Dink hier aan die bar veld, die verskrompelde koolganna, silwerkaroo, ankerkaroo en koggelmandervoet; die droë winde; die leë damme, die opgedroogde windpompgate en droë boorgate; die dorstige en honger diere; die uitgeteerde karkasse wat in die veld rondlê; en die verlate plase. Ook die mens word deur sy wrede spore belitteken. Trouens, die droogte en al sy supplemente supplementeer die kastratiewe oor verskeie kontekste en dimensies heen.¹³ Kom ons volg die verskuiwing, uitstrooiing en verplasing daarvan.¹⁴

By Boet vind ons 'n voortplantingsdroogte. Hiervan is onder andere sy steriele sperma verteenwoordigend (pp. 24, 40). As refleks kry ons sy poging tot die sonbevrugting van Anna (pp. 35–38), sy obsessiewe saadtappery en sy behepthed met saadversterking en kunsmatige inseminasie.

Maar ook op geestelike vlak is Boet droog. Op wedersydse wyse supplementeer die Karoo-droogte en Boet se geestelike droogte mekaar. Sy kommersialisering van God ("Hy's soos jou bankbestuurder, 'n soort vennoot. . .", p. 4) en sy bygelowige evokasie- en bevrugtingsrituele (kyk in hierdie verband na die windpompluit, p. 15, en die "oergeheimenisse" van die sonritueel, p. 37) is tekens van sy geestelike brakheid. Laasgenoemde vind verdere neerslag in sy Godskoggelende *hybris* wat onder meer geuit word in sy beskuldigende gebed en aggressiewe provokasie-rituele (vergelyk sy skote na die wolke, sy uitdagende hekplaat en sy witgeverfde dambodem). Ook sy selfsug ("Meneer wil net ontvang, maar wil niks gee nie." p. 54), sy sadistiese rassisme en – uiteindelik – die moord op sy familieleden, reflekteer sy geestelike droogte. Selfs die droë boorgate, die leë damme en sandkuile – en op 'n ander vlak: die gestroopte verhooginkleding – supplementeer op metaforiese wyse sy erbarmlike geestelike toestand.¹⁵ Ook tekenend in dié verband is sy geestelike blindheid en doofheid wat spreek uit sy retoriese vraag net voor sy selfmoord, naamlik: "Is ék die droogte?" (p. 60).

As een van die meestertekens van *Die koggelaar* suurdeeg die droogte nog verder deur ander kontekste, karakters en betekenare heen.¹⁶ Dink hier aan Danny se kleinsielige rassisme; Ben se lafhartige verdoeseling van die waarheid en sy bygelowige besweringsritueel met die brandewyn wat hy op p. 20 bestempel as "'n soorte van 'n nagmaal";¹⁷ en Betta se vernietigende penisbehepthed. Selfs Knaplat en Anker word deur die braktes van siels-

droogte gemerk, en wel deur hul gebrek aan vergewensgesindheid (vergelyk hul meedoënlose aandrang op Boet se selfmoord en hul koggelende dans daarna (pp. 60–61).

Op 'n meer biologiese vlak is die droë baarmoeder van Anna een van die vele refraksies van die droogte in *Die koggelaar*. Sy word gelykgestel met 'n uitskot-ooi (p. 13) en haar eens vrugbare wit trourok word tydens die sonbevruktingsritueel die teken van haar steriliteit.¹⁸ Op geestelike en politieke vlak vind die verband tussen *wit* en *steriliteit* neerslag in Boet se leë, witgeverfde dambodem, sy “white sports coat” (p. 25) en in sy bar op wit vel gebaseerde rassisme.

Emblematies van al hierdie geestelike droogtes, is die warrelwind van Daan se Godsverloëning en die sandkuil van sy verbittering (pp. 9–11).

Hoe nietig staan die paar tekens van vrugbaarheid in die stuk nie in die harde lig van hierdie kasterende droogte met sy veelheid van supplemente nie. En meteens bevind ons ons midde 'n dekonstruktiewe moment: Is die skrywer wat ons waan buite die stuk te wees, nie juis gesigloos binne die stuk aanwesig as die felste kastrator van almal nie? Is dit dan nie die merke van sy kasterende pen wat sy karakters se *Umwelt*, *Mitwelt* en *Eigenwelt* meedoënloos belitteken nie? En skielik resoneer Nushin Elahi (1989) se implisiete vraag oor die *sny* van die wrede en “verontrustende toneel” wat “in grafiese besonderhede toon hoe skape se saad getap word” oor al die kastratiewe betekenare heen. Sy skryf: “'n Mens wonder waarom Fourie dit nie behou het nie.” Alhoewel die elektriese saadtaptoneel nie in die teks voorkom nie, word dit tog telkens deur regisseurs bygewerk. Phil du Plessis (1987) verwys daarna in sy bespreking van die Kaapse opvoering van die stuk, terwyl Nushin Elahi (1989) sowat twee jaar later genoemde grafiese besonderhede ontstellend vind. Ook Webster (1961: 349) se derde omskrywing van die kastratiewe, naamlik “to delete a part of (a text) so as to render innocuous; *esp*: Expurgate <– a text>” is in hierdie verband insiggewend. Met betrekking tot die eensydige uitbeelding van Boet, vra Ia van Zyl (1989): “. . . of hierdie situasie nie op skrywersvlak juis dieselfde gebrek aan ware Christelike deernis openbaar wat hom hier deel van die ontmaskering van die Afrikaner vorm nie”. Maar ook sy en ander resensente soos Boekkooi (1989), Du Plessis (1987), Van Wyk (1989) en Elahi (1989) raak kasterend wanneer hulle skryf oor die sogenaamde “Afrikaner” wat volgens hulle deur Boet verteenwoordig word. Tydens 'n lesing aan die Natalse Universiteit, Augustus 1990, praat Tony Links van “die hedendaagse vrees vir die kastrasie, oftewel die ontmanning van Afrikaans”. Dus, “the violence of the letter” (Derrida 1976: 101) in en buite-om die stuk kan gesien word as 'n refraksie van die sosiopolitieke “kastrasie” van die Afrikaner gedurende die afgelope paar jare.

Laat ons egter in hierdie verband nie op Don Quijotiese wyse die opgeefsels van dekonstruksie se “Kalahari's wit papier” binnestorm nie, want die ink van Fourie se pen skryf ook farmakonies, dit wil sê *vergiftigend en helend*.¹⁹ Kom ons volg die vloei daarvan deur verskeie betekenare heen.

Die farmakoniese

So byvoorbeeld word die Karoo deur die menigte droogte- en die paar vrugbaarheidstekens (blommende kaktusse, dragtige ooeie, kopspelende lammers) gemerk as lewe-ontnemend én lewegewend, terwyl die bevrugtingsritueel met Anna en haar sonbrand daarna die son se bevruggende en verskroeiende kenmerke aandui. Selfs die wind waai verlossing en vernietiging, en wel as draer van reën of droogte.

Ook Ben toon die tekens van die farmakoniese. Hy is beide lewegewende en vernietigende vader. Hy skenk die lewe aan twee seuns en, by wyse van afstamming, 'n kleinseun. Indirek dra hy by tot die vernietiging van laasgenoemde en een van sy seuns. Sy brandewynbygeloof is 'n bydraende faktor tot Klein-Ben se dood. Let in hierdie verband op hoe die brandewyn self optree as besweermiddel én ongeluksmiddel: die beswering van die bose (die dood) loop ironies juis uit op die aktivering en verwesenliking daarvan (pp. 16–23). Betreffende sy seun Boet, is dit die skending van sy sogenaamde “suiwer bloedlyn” deur homself wat deurslaggewend is vir die familiemoord en Boet se selfmoord.²⁰

Dies egter by Boet self waar die farmakoniese ikoniese gestalte verkry. Nie alleen is hy potent én steriel ('n meesterteler met swak sperma, 'n *kunsmatige* insemineerder), koggelaar én biegteling nie, maar hy is ook draer én verlosser van die kwade. As offerlam *beteken* hy die dood met die lewe in hom. Verwys in die verband na die metonimiese inspelings van die “karkas van 'n week-oue lammetjie” (p. 1) langs sy lyk en die daaropvolgende verlossende reën.²¹ As farmakos van ander en veral sy eie sonde, werk sy selfvernietiging ten slotte bevrydend.²²

Voortekens van bogenoemde kry ons alreeds vroeg in die drama, en wel waar Ben van koolganna en biltong sê: “Jy kan as' t ware sê dis die dood met die lewe in hom” (p. 17). Op verrassende wyse kry ons 'n inversiewe spieëling hiervan in die ongeluksboorgat waar die bebloede water die lewe met die dood in hom is. Slegs Boet se selfmoord kon dié inversie besweer. As verlossende totemdier – vergelyk die plasing van Knaplat se masker oor sy kop²³ – herinner hy aan daardie ander klassieke draer van die kwade én verlossing, naamlik Oidipus.²⁴

Dus, deur sy selfmoord, die uiterste vorm van selfkastrasie, bevry Boet op farmakoniese wyse juis die falliese en wel in die vorm van bevruggende reën.

En agter die skerms teenwoordig in die stilte van Sy Groot Afwesigheid, steeds maar God: die Uiteindelike Farmakeus: gewer en weerhouer; bevrugter en kastreerder; seëner en vervloeker; beproewer en verlosser.

Aantekeninge

1. In hierdie stuk is water gelyk aan lewe en die boormasjien is van die ou stampsoort. Vergelyk die toneelaanwysing onder aan p. 22.
2. Kenners van Jacques Lacan sal hier intertekstuele spore gewaar van sy “naam-van-die-vader” as onder andere betekenaar van die vader se woord en wet, die sogenaamde simboliese *orde*. (Vergelyk Lacan 1966: 557).

3. C.R. Badcock (1980: 86–93) wys op die verband tussen die ontstaan van landbou en die sogenaamde falliese moeder/godin. Vergelyk ook Freud (1910) se “Leonardo da Vinci and a memory of his childhood” en Robert Graves (1952) se *The White Goddess*. Van Betta se “funksionaliteit binne die drama” is Ia van Zyl (1989) nie seker nie.
4. Oor die samehang tussen aggressie, tande en kastrasie skryf Ad de Vries (1981: 470) en Freud (1909: 3–152) insiggewend.
5. Vergelyk Jacques Derrida (1976) se “The Outside & the Inside.”
6. In ’n voetnota verwys Freud (1913: 130) na “the communications of Reitler, Ferenczi, Rank, and Eder about the substitution of blindness in the Oedipus myth for castration”.
7. Johan van Wyk (1989) noem Klein-Ben die “innerlike gespreksgeenoot” van Boet.
8. Vir Paul Boekkooi (1989) is die ongeluksboorgat “byna soos in ’n Griekse drama ’n heilige voorwerp met magiese kragte wat aantrek of afstoot”.
9. Die verband tussen inisiasie-ritusse, kastrasie en die totem word deur Badcock (1980: 16–30) insiggewend belig. Ander intertekstuele moontlikhede is onder andere Mircea Eliade (1965), Victor Turner (1969) en Arnold van Gennep (1960).
10. Vergelyk die “spore” van die kastreerende vrou in Derrida (1978) se ontginning van Nietzsche se styl/stilus/stilografie. In dié verband verklaar hy: “He was, he dreaded this castrated woman. He was, he dreaded this castrating woman. . .”, (p. 101).
11. Gregory Bateson (1973: 242–249).
12. Die “voorheen onderdrukte” word vir Ia van Zyl (1989) aan die einde van die drama “die koggelaars”.
13. Laat ons egter hier in gedagte hou dat: “The supplement is always the supplement of a supplement. One wishes to go back from the supplement to the source: one must recognize that there is a supplement at the source” (Derrida 1976: 304). Maar iewers is daar tog “spore” van ’n soort sistematiek, want: “. . . the signified concept is never present in and of itself, in a sufficient presence that would refer only to itself (. . .) every concept is inscribed in a chain, or in a system, within which it refers to the other, to other concepts, by means of the systematic play of differences. Such a play, *différance*, is thus no longer simply a concept, but rather the possibility of conceptuality, of a conceptual process and system in general” (Derrida 1982: 11).
14. Vergelyk in hierdie verband Derrida (1981) se sogenaamde “disseminasie” van grafeme en hul betekenis.
15. In hierdie verband verklaar Paul Boekkooi (1989) dat Boet geen “lewegewende water in sy bestaan” toelaat nie.
16. Ook Barrie Hough (1988) wys op die droogte as ’n metaforiese dimensie wat “betrekking het op die geestestoestand van die karakters”.
17. Boekkooi (1989) wys op die verankering van ritueel en religie as “parallelismes” in Sukovs se opvoering van die stuk.
18. Onvrugbaarheid en vrugtelosheid is vir Joan Hambidge (1988) die “sentrale probleemstellings” van die stuk.
19. In “La Pharmacie de Platon” dekonstrueer Derrida (1981) onder andere Plato se ambivalente houding teenoor die geskrewe woord: laasgenoemde blyk vir hom farmakonies te wees, dit wil sê kuurmiddel én skaadmiddel. Interessant in die lig van *Die koggelaar*, is dat Derrida hier ’n verband oopskryf tussen Plato se geskrewe woord en die vader: seun: vadermoordverhouding.
20. Brian Vickers (1979: 138–156) bespreek die suiwerheid/besmetting (*miasma*)/suiwering (*katarsis*) – problematiek in die Griekse drama op insiggewende wyse.

Let in hierdie verband op die spore van onder andere Sophokles se *Trakinae*, *Ajax* en *Antigone* in *Die koggelaar*.

21. "... die lewende offer ter wille van die reën", noem Johan van Wyk (1989) dié situasie. En Boekkooi (1989) vra: "...moet daar nie bloed vloei nie voordat die fontein van versoening in 'n nuwe daeraad voor ons kan uitspruit?" Volgens J.P. Guépin (1968: 199) is die dood van die sondebok/held "a prefiguration of the harvest-ritual, made to promote the budding of the crops". Vergelyk ook H. Hubert en M. Mauss (1964) se boek oor die aard en funksie van offerrituele.
22. Oor die bevrydende en saambindende funksie van die sondebok, skryf Girard (1977: 94-99, 306-308) met insig.
23. Vir Phil du Plessis (1987) is "die metafoor" van Knaplat se draadmasker oor Boet se kop "duister", terwyl Ia van Zyl (1989) die rolle-omkering van onderdrukte en koggelaar daarin sien. Girard (1977: 166-168) wys op die vervangende en verplasinge funksie van rituele maskers. Vir Segal (1981: 49-50) is die masker 'n ambivalente simbool, fisiek maar onsubstantieel.
24. Met betrekking tot Oidipus, sê Segal (1981: 208) "...he occupies simultaneously the highest and lowest places within his city, the role of king and the role of scapegoat or *pharmakos*...". Bevind die sogenaamde Afrikaner hom huidiglik in dié posisie?

Bogenoemde dien slegs as 'n paar moontlike intertekstuele horisonne. Uit die aard van die saak is nog vele ander moontlik. Dink byvoorbeeld hier aan die spore van die falliese/kastratiewe/farmakoniese in die ander werke van Pieter Fourie, veral dan die twee ander stukke van sy "trilogie", naamlik *Donderdag se mense* en *Ek, Anna van Wyk*.

Verwysings

- Badcock, C.R.
1980 *The Psychoanalysis of Culture*. Oxford: Blackwell.
- Bateson, Gregory
1973 *Steps to an Ecology of Mind*. London: Paladin.
- Boekkooi, Paul
1989 Koggelaar mokerhou in OVS. *Insig* 3 Junie.
- Derrida, Jacques
1976 *Of Grammatology*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
1978 *Spurs: Nietzsche's Styles*. Chicago: University of Chicago Press.
1981 *Dissemination*. London: Athlone.
1982 *Margins of Philosophy*. Brighton: Harvester.
- De Vries, Ad
1981 *Dictionary of Symbols and Imagery*. Amsterdam: North-Holland.
- Du Plessis, Phil
1987 Toe maar, Pieter, jy het darem die R25 000. *Rapport* 29 Maart.
- Elahi, Nushin
1989 Afrikaanse toneel kán boei. *Beeld* 2 Mei.
- Eliade, Mircea
1965 *Rites and Symbols of Initiation*. New York: Harper & Row.
- Fourie, Pieter
1988 *Die koggelaar*. Pretoria: HAUM-Literêr.

- Freud, Sigmund
[1909] 1955 *The Case of Little Hans and the Rat Man*. Standard Edition X. London: Hogarth.
- [1910] 1955 Leonardo da Vinci and a Memory of His Childhood. In: *Leonardo and Other works*. Standard Edition XI. London: Hogarth.
- [1913] 1955 *Totem and Taboo and Other Works*. Standard Edition XIII. London: Hogarth.
- Girard, René
1977 *Violence and the Sacred*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Graves, Robert
1952 *The White Goddess*. London: Faber.
- Guépin, J.P.
1968 *The Tragic Paradox: Myth and Ritual in Greek Tragedy*. Amsterdam: Hakkert.
- Hambidge, Joan
1988 Dié dooie vra om vergifnis. *Die Vaderland* 6 Junie.
- Hough, Barry
1988 Fourie se drama is meesterlik. *Insig* 3 Junie.
- Hubert, H. & Mauss, M.
1964 *Sacrifice: Its Nature and Function*. London: Routledge.
- Jobes, Gertrude
1962 *Dictionary of Mythology, Folklore and Symbols*. New York: Scarecrow.
- Lacan, Jacques
1966 *Les Écrits*. Paris: Editions du Seuil.
- Laplanche, J. & Pontalis, J. B.
1973 *The Language of Psycho-analysis*. London: Hogarth.
- Segal, Charles
1981 *Tragedy and Civilization*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Turner, Victor
1969 *The Ritual Process*. Chicago: Aldine.
- Van Gennep, Arnold
1960 *The Rites of Passage*. Chicago: University of Chicago Press.
- Van Wyk, Johan
1989 Koggelaar wys vaderlose Afrikaner. *Vrye Weekblad* 9 Junie.
- Van Zyl, Ia
1989 Fourie ontmasker Afrikaner. *Die Republikein* 6 Januarie.
- Vickers, Brian
1979 *Towards Greek Tragedy*. London: Longman.
- Webster
1961 *Webster's Third New International Dictionary*. London: Bell & Sons.